**AFDELING D: LETTERKUNDE**

***BLADSAK* – Lucas Malan**

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: "POTYSTER SWEIS NIE" – PG du Plessis**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | Huis toe/na sy huis toe.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.2 | • Die verteller het geselskap gesoek/was alleen in die bakkie.<br>• Die seun het duimgegooi/vir 'n geleentheid gevra.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.3 | Die seun het gesê dat sy pa ...<br>• daarvan gehou het om sy vriende (seun se vriende) te onthaal.<br>• hom uit die koshuis wou haal oor die swak kos.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.4 | handige | 1 |
| 6.5 | Ja.<br><br>• Vir tieners is dit belangrik om goed te lyk/voel in hulle skoolklere.<br>• Dit pla tieners/maak hulle selfbewus as hulle minder as ander mense het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Dit is nie vir my belangrik om goed te lyk in my skoolklere nie.<br>• Ek gee nie om as ek minder as ander mense het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6 | • A<br>• personifikasie.<br>• A personifikasie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.7 | • Sy het van haar werk af weggebly.<br>• Sy het die Portugees in die steek gelaat.<br>• Sy het nie vir haar seun geleer dat dit belangrik is om jou werk op te pas nie.<br>• Sy het nie vir haar seun verantwoordelikheid geleer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.8.1 | • C<br>• ... was iemand met 'n harde hart.<br>• C ... was iemand met 'n harde hart.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.8.2 | • D<br>• ... was iemand met 'n sagte hart.<br>• D ... was iemand met 'n sagte hart.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.8.3 | • B<br>• ... was iemand wat jy nie kon vertrou nie.<br>• B ... was iemand wat jy nie kon vertrou nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.8.4 | • A<br>• ... was iemand wat leuens vertel.<br>• A ... was iemand wat leuens vertel.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9 | • Die seun wou nie dat die verteller hom by die huis aflaai nie.<br>• Die verteller het sy kleingeld misgevat.<br>• Die seun het skaam geword toe die Portugees met hom gepraat het.<br>• Die seun het weggestap sonder om om te kyk. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.10 | • Ek sou eerder die geld by die Portugees gelos het.<br>• Ek sou eerder vir die seun iets gekoop het om saam te vat huis toe.<br>• Ek sou eerder vir die Portugees gevra het om die seun se ma nog 'n kans te gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.11 | • Hy sou dan nie skaam gewees het nie.<br>• Die waarheid kom altyd uit.<br>• Dan sou hy nie in die verleentheid gewees het nie.<br>• Dan kon die verteller hom dalk gehelp het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.12 | • Die seun se gesinsverhouding is stukkend en kan, soos die stofie, nie reggemaak word nie.<br>• Die seun se gebroke gesin kon, soos die stofie, nie maklik herstel word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.13 | • D<br>• Moenie jok nie, want die waarheid kom altyd uit.<br>• D Moenie jok nie, want die waarheid kom altyd uit.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

**EN**

**VERHAAL B: "DIE HEN EN DIE NAALD" – Minnie Postma**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | Hen | 1 |
| 6.15 | • Dit wys hoe lekker/baie Hen kon gesels/praat.<br>• Dit wys hoe lekker Hen kon lag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.16 | Sy het velletjies gebruik. | 1 |
| 6.17 | • Haar kuikens/kinders<br>• Die vreemde hoenders/die ander hoenders (van haar kraal)<br>• Die hoenders op die lande<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.18 | Ja.<br><br>• Valk het vir haar sy enigste naald geleen.<br>• Valk het elke dag by Hen gaan kuier.<br>• Valk het Hen se geselskap geniet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Valk wou Hen se kuikens vang.<br>• Valk wou nie vir Hen vergewe nie.<br>• Valk wou wraak neem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19 | • Hulle het dadelik die huis skoongemaak soos hul ma hulle gevra het.<br>• Hulle het hul ma gehoorsaam om die naald op die ashoop te gaan soek.<br>• Hulle het dadelik onder hul ma se vlerke ingekruip as sy hulle teen gevare gewaarsku het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.20 | • A<br>• vergelyking<br>• A vergelyking<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.21 | onrustige | 1 |
| 6.22 | • Hen het voor haar woning geloop en spog.<br>• Hen het die kuikens gevra om die vloer skoon te maak.<br>• Valk se naald het op die ashoop weggeraak.<br>• Valk het grond toe geskiet om 'n kuiken te vang. | 1<br>1<br>1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.23.1 | • E<br>• ... het 'n naald nodig gehad om 'n karos te maak.<br>• E … het 'n naald nodig gehad om 'n karos te maak.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23.2 | • C<br>• ... wou nie graag die naald uitleen nie.<br>• C … wou nie graag die naald uitleen nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23.3 | • B<br>• … het gedink dit was 'n mooi karos wat met die naald gemaak is.<br>• B … het gedink dit was 'n mooi karos wat met die naald gemaak is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23.4 | • D<br>• ... kon beter sien om die naald te soek.<br>• D … kon beter sien om die naald te soek.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.24 | • Hen was te bekommerd oor die naald wat weg was.<br>• Hen was te besig om na die naald te soek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.25 | • Dit kon hulle vriendskap bederf as die naald wegraak.<br>• Sy kon haar kinders verloor as die naald wegraak.<br>• Dit is 'n slegte gewoonte om te leen.<br>• 'n Naald kan maklik wegraak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.26 | Ja.<br><br>• Vriende moet mekaar kan vergewe.<br>• Ek sou net nooit weer vir haar iets leen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Ek sal haar nooit weer kan vertrou nie.<br>• Iemand wat my seergemaak het, sal ek nie weer as vriend wil hê nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.27 | Ja.<br><br>• Die hoogmoedige hen het tot skande gekom.<br>• Hen het haar karos verloor toe haar kinders in gevaar was.<br>• Die karos kon nie Hen se kinders veilig hou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

